# GrietGriet

e-pos: magrietjie@up.ac.za
web: www.up.ac.za/magrietjie




Die volgende *GrietGriet* verskyn in November 2013. *GrietGriet is also available in English - please let us know if you prefer to receive an English copy.*



TUKS se 2012 en 2013 JOOL koninginne, Mudinda Denga (links) en Dassie Persuad-van der Westhuizen (regs) saam van die leerders.






Die feesblad is steeds te koop teen R80 per feesblad. Stuur gerus 'n e-pos na magrietjie@up.ac.za as u belangstel om een te koop. Baie dankie aan elkeen wat alreeds 'n feesblad gekoop het!

Julie 2013
Volume 14

## LEKKER JOLIG BY *SALT & LIGHT* CHRISTELIKE SKOOL















Vrydag 15 Maart was nie sommer net enige gewone Vrydag nie. Die pienk passie was tasbaar by ons korttermyn JOOL-projek by *Salt & Light Christian School/Anchor Christian Academy* soos wat die dames van Magrietjie 'n pienk opgewondenheid saamgeneem het. Pienk vlaggies het die lug vol gehang, en pienk en wit balonne het hoog gesweef.

*Salt & Light Christian School* is geleë in East Lynne in Pretoria. Hulle glo dat elke kind kwaliteit onderrig verdien, wat in lyn is met die doel van Magrietjie se JOOL-projekte vir 2013, omdat ons glo dat onderrig die boublokke van die samelewing vorm. *Salt & Light Christian School* het hierdie jaar 80 geregistreerde leerders. Ons het dié jaar besluit om self twee leerders, Zenith Ling en Joy Aphane, se skoolfonds te betaal, en ook die graad 11s en 12s te motiveer deur vir hulle UP studieprogram inligtingsgidse en aansoekvorms te neem. Die doel van ons projek was dus om 'n pretdag vir die leerders te hou, om sodoende meer persoonlik by die skool betrokke te wees. Die pretdag het springkastele, water-glybane, spookasem, springmielies en boereworsrolle ingesluit.

Ons was ook so gelukkig dat TUKS se JOOLkoningin, Dassie Persuad-van der Westhuizen, en prinsesse Jenni de Bruin en Busi Ntisa, asook verlede jaar se JOOLkoningin Mudinda Denga die spesiale dag met ons kon deel! Dit was 'n eer vir Magrietjie om 'n pretdag vir *Salt & Light Christian School te* hou!

Magrietjie se langtermyn projek vind plaas op die 3de Augustus. Ons ondersteun 'n weeshuis in Vastfontein, genaamd Huis Magrietjie, en gaan vir hulle 'n avontuur-program reël saam met *Xtribe adventures* wat sokker, vlugbal, "paintball" en 'n hindernisbaan insluit. Ons het steeds heelwat finansiële bystand nodig vir die avontuurprogram, en

die weeshuis het ook 'n handvol behoeftes. Van die weeshuis se behoeftes sluit in: opvoedkundige DVDs, bordspeletjies, bybels, 'n "urn", saalstoele, dienste vir hul voertuie, petrol grassnyers, teëls vir vloere, musiekinstrumente, borge vir nuwe klaskamers en nog vele meer. Indien jy 'n bydrae kan maak of meer inligting soek of deel wil wees van die dag, kontak gerus vir Nkhensani Sithole (JOOL-HK) by 072 577 4812 voor einde Julie sodat sy die aantal mense kan bevestig. Ons het so baie om voor dankbaar te wees en wil jou graag uitnooi om jou hand uit te steek na waar daar nood is! ☺

## SERRIE! SERRIE! SERRIE!

Na elke jaar se serrie-opvoering, wonder mens hoe volgende jaar se Kultuur HK die serrie kan verbeter, gegewe die hoë standaarde wat gestel word. Dan staan mens verbaas wanneer Magrietjie dit nog ‘n trappie hoër vat!! Serrie 2013 was iets soos nog nooit tevore nie!! Kultuur Ekstern HK, Christine van Aswegen het nie slap gelê nie, en Magrietjie serrie na nóg hoër hoogtes gelei! Met die tema as *Spartan Women*, geïnspireer deur die fliek *300*, het die dames gewys dat vrouens ook kan veg vir dit wat hulle wil hê. In die geval is daar geveg vir hulle land, Sparta, en in Magrietjie se geval, ’n plek op die podium. Magrietjie was sonder twyfel die gehoor se gunsteling en het met ‘n 2de plek weggestap, asook pryse vir beste “prelims” vertoning, beste “prelims” en finale tema. Ons is ongelooflik trots om deel te kon wees van die serrie☺. Christine het ons gewys wat bereik kan word deur harde werk en deursettingsvermoë.





## MOEDER & DOGTER TEE

In die lewe van ‘n student, veral ‘n eerstejaar met al die nuwe uitdagings en ervarings, raak mens maklik vasgevang in jóu te-doen lysie, jóu take en begeertes, en vergeet van die hardwerkende, liefdevolle mamma by die huis wat haar knieë rou bid vir haar dogter. Soos elke jaar, het ons die mammas in ons studentewêreld ingenooi, om hulle te eer vir die steunpilare wat hulle vir ons is met ons Moeder-Dogter dag op 19 Mei 2013. Elke mamma en dogter het Sondagoggend ‘n heerlike ontbyt in die eetsaal geniet. Daarna het elke mamma’n wonderlike geskenkpakkie ontvang, en die spreker, Danita Potgieter het ons meer vertel oor hoe om volgens jou liggaamsbou aan te trek, en maklike sakpas moet’s en moenie’s vir die stylvolle dame. Die dames het Danita se aanbieding baie geniet! Drie dames van die koshuis het ook vir ons ’n pragtige sangitem gelewer, om hulde aan die mammas te bring. Daarna is heerlike koffie, sap en rooi fluweel kolwyntjies geniet. Die mammas en dogters het ook weggestap met geskenkbewyse vir ’n rugmassering, juwele geskenkbewys, koffie en koek geskenkbewys, dieëtkundige konsultasie en meer. Wat ’n geseënde oggend saam die belangrikste mense in ons lewens!





## AKADEMIESE WEEK

Ons akademiese week was net nog ’n geleentheid waar Magrietjie gewys het watter suksesvolle, passievolle, gefokusde koshuis ons is. Om bietjie weg te kom van die gewone, het ons in plaas van die gewone t-hemde te maak, ”nerd”-brille gemaak, wat die meisies sommer vooraf opgewonde gemaak het oor die week! Die week het bestaan uit Kopkrapper speletjies, ’n motiveringspreker, en ’n toets-jou-kennis vasvra sessie by Taaibos, waarna die week afgesluit is met ’n ”Wanneer ek eendag groot is...”-bokjol in die klubhuis. Ons is baie trots op Charmaine Letsoalo, Akademiese HK, vir al die moeite en harde werk wat sy in die week ingesit het!





## EILAND-FEES SAAM DIE MOPANE!

Magrietjie en Mopanie se hoof kultuuraand, het ook gesorg vir nóg ’n onvergeetlike 2013 herinnering! Met die tema as *Ibiza*, ’n eiland in Spanje, het die eiland-gevoel behoorlik geseëvier! ’n Strandkafee met Mopanie se eie koshuisorkes, opblaas swembaddens en frisbee spele het Kultuur-intern HK, Lize-Mari Nel gesorg vir elke aspek van ’n lekker kuier!



## MAGRIETJIE SE SPLINTERNUWE GEBEDSKAMER!

Een van die dinge waarvoor 2013 in Magrietjie onthou gaan word, is die opening van ons gebedskamer. Na 'n meningsopname in die koshuis is daar gesien dat daar 'n behoefte is vir meer geestelike funksies onder die meisies. Ons het dit goed gedink om ons bidkamer, wat toe as 'n stoorkamer gedien het, op te knap. Die doel en hart van die bidkamer is om vir die meisies 'n vriendelike, rustige, liefdevolle ruimte te skep waarin hulle met vrede en in stilte, hul geestelike aktiwiteite kan beoefen. Daar word tans selgroepe en ook ons koshuis bidgroep in die bidkamer gehou, en die *Getuienismuur* getuig met opgewondenheid van die Here se goedheid en guns in die koshuis, en die meisies se lewens! Ons is ewig dankbaar vir die Here se voorsiening van meubels, tot kussings vir die bidkamer, asook elke aktiwiteit wat daarbinne plaasvind, en gebruik die bidkamer om Hom eer te bring en te getuig van Sy goedheid!










## PIENK-BAL GOLFDAG

Hiermee wil ons almal net graag herinner aan ons Gholfdag wat op 2 Augustus plaasvind ten bate van CANSA bewusmaking en fondsinsameling vir die koshuis. Dit vind plaas te Waterkloof Gholfklub in Pretoria, en beloof om, soos verlede jaar, 'n opwindende dag te wees. Ons benodig steeds baie spelers, asook borge om die dag suksesvol te maak! Besighede en individue kan enige van die 18 putjies, die "tee box", "putting green", "halfway-house" of onthaal-area borg. Spelers kan inskryf teen R500 per speler, wat 'n "halfway house" bewys, geskenkpakkie en vingerete insluit. Skryf jouself in, 'n groep vriende, stuur jou man, kollega, buurman, enigeen - raak graag betrokke! Kontak gerus vir Elmien Steyn (Primaria) by 0837320662, of André Jordaan by 0828143303 vir verdere inligting, of as u op enige ander manier betrokke wil raak. Ons hoop om elkeen van julle by ons "pienk Gholfdag" te sien!!


## UIT ONS SKATKIS...

**Luanne (née Bosman)** skryf: "Baie dankie vir die nuusbrief. Dit is voorwaar lekker om te sien dat Magrietjie steeds so uitblink. Dit maak my baie trots. Ek was 'n Spikkel in 1999 en Primaria in 2002. Ek het elke oomblik van my vier jaar in Magrietjie vreeslik baie geniet. Baie sterkte met alles wat julle aanpak. Mag 2013 'n wonderlike jaar vir Huis Magrietjie wees. Pienkgroete"

**Elzaan Cook (née Smuts)** skryf: "Baie dankie vir die (weereens) pragtige nuusbrief! Laat mens sommer lekker nostalgies raak! Keep up the good work!"

*Red: Baie dankie Luanne en Elzaan vir julle boodskappe! Dit is vir ons werklik spesiaal!*

**Tot weersiens in *GrietGriet* November 2013 of die Gholfdag op 2 Augustus...**



### VOLGENDE OP DIE ALMANAK:

- Kultuurweek: 22-26 Julie
- Gholfdag: 2 Augustus
- Values week: 5-8 Augustus
- Serenade: 12-14 Aug, Finale: 15 Aug, Gala-aand: 16 Aug



Hierdie uitgawe van *GrietGriet* is geskryf deur die redaktrise Luané Meyer. "Dit was vir my 'n eer om elke kwartaal met u mee te deel wat in ons huis gebeur! Baie dankie vir die deel wat u van ons koshuis uitmaak. Sonder u en die fondasie wat u neergelê het, sou Magrietjie nie kon wees waar en wat dit vandag is nie! Ek groet u met heimwee. Mag God alles seën wat deur u hande gaan!:)

As u enige iets met ons wil deel, kontak ons gerus by magrietjie@up.ac.za Ons hoor graag van u!"